STILSTAANDE PROSA EN POËSIE EN VOORBEREIDE LEES

1. VOORSKRIFTE

1.1 ALGEMENE VOORSKRIFTE:

- 'n Deelnemer mag in **een of meer kategorieë** deelneem.
- 'n Deelnemer skryf in volgens **skoolgraad**, dit wil sê óf in graad 4 óf 5 (dui ouderdom aan).
- **NB! NB!** Dieselfde inskrywings mag NIE meer as **een keer** (jaar na jaar) vir die Internasionale Afrikaans-Ekspo ingeskryf word NIE. Dit moet **oorspronklike werk** wees wat nog nie voorheen ingeskryf is nie.
- Alle inskrywings moet die **deelnemer se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk** wees.
- **LET WEL! Die beoordelaars is onafhanklik van die FAK en hulle beslissings vir die finaliste en wenners is finaal en bindend en geen korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.**

1.2 VOORSKRIFTE VIR DIE HANTERING VAN 'N INSKRYWING:

- Die volgende inligting moet aan die begin van jou video vir 5 sekondes **duidelik sigbaar** vertoon word (Dit kan op 'n A4-papier geskryf en deur leerder vasgehou word):
  - **Naam en van**
  - **Graad**
  - **Skool**
  - **Prosa/Poësie/Voorbereide lees**
  - **Titel**
- Voltooi die **inskrywingsvorm**.
- Stuur die inskrywingvorm en video na **ekspo@fak.org.za**
- Indien **meer as een inskrywing** vir hierdie kategorie ingeskryf word (bv. een leerder wat twee voordragte lewer), moet elke inskrywing **apart** ingestuur word, elk met 'n **afsonderlike inskrywingsvorm**.
- 'n **Maksimum van DRIE INSKRYWINGS per kategorie per leerder** word toegelaat. Geen ekstra inskrywings sal aanvaar word of beoordeel word nie. Kies die **beste DRIE** om in te skryf.

2. WENKE

- Prosa is 'n **storie of verhaal** wat vertel word.
- Daar is gewoonlik **meer as een karakter** en verteller ter sprake in prosa.
- Die **verteller** van die storie is die belangrikste deel van die prosa.
- Onthou! 'n Verhaal het gewoonlik **'n begin, ontwikkeling, klimaks, afloop en 'n einde**.

- 'n **Gedig** kan aan sy **tipografie** herken word. Anders as prosa het gedigte kort reëls.
- Maak gebruik van jou **gesigsuitdrukkings** om die storie te vertel.
- Gebruik die tema wat gegee word tot jou voordeel en geniet dit.
- Moenie vaskyk in die tema van die jaar nie, dink 'n bietjie anders en vernuwend.
- Maak seker om **oogkontak** met die kamera te maak.

3. OPDRAG

- Lewer 'n Afrikaanse stilstaande prosa, poësie of voorbereide lees oor enige onderwerp OF met die tema van die jaar as die onderwerp.
- Plaas jou **foon of videokamera op 'n staander** dat jou beeld mooi vertoon.
- Video moet in **"Landscape"** geneem word.
- Wanneer jy die video neem, staan teen 'n **skoon agtergrond** (soos 'n wit muur).
- Sorg dat die lig **van voor af op jou gesig** val.
- Neem 'n **kop en skouerskoot** dat gesigsuitdrukkings gesien kan word.
- Maak seker jy is **duidelik hoorbaar** voordat jy jou video instuur.
- Onthou jy praat met 'n **lewendige gehoor**, so kyk in die kamera in.
- Dis stilstaande prosa, poësie of voorbereide lees, dus mag **geen rekwisiete of gebare** gebruik word nie. (Met die uitsondering van 'n boek by Voorbereide lees.)
- Die prosa, poësie of voorbereide lees moet **ouderdomstoepaslik** wees.
- Die prosa of poësie moet **gememoriseer** word en mag nie afgelees word nie.
- Voorbereide lees moet **goed voorberei** wees en vlot voorgelees word.
- Die leerders mag slegs **swart drag of skoolklere** dra, geen kostuums nie.
- Video's mag **nie geredigeer** word nie.
- Video's vir prosa, poësie of voorbereide lees mag nie die tydlimiet van 3 minute oorskry nie.
- Stoor die voordragvideo in 'n ***mp4-formaat***.
- 'n Video groter as **300 MB** sal nie maklik gestuur kan word nie. Dus moet video's kleiner gemaak word indien nodig voor dit gestuur word. Indien die video klein is, kan dit per e-pos gestuur word; enige groot video's kan met **wetransfer.com** gestuur word.

BEOORDELING SAL NA AANLEIDING VAN DIE VOLGENDE GEDOEN WORD:

VOORDRAG __ / 20	• Is die leerder goed voorberei? • Is daar van gesigsuitdrukkings gebruik gemaak om die storie te vertel? • Ontbreek die karakters (by prosa)? • Is daar van enige rekwisiete of bewegings gebruik gemaak? (Punte word daarvoor afgetrek.) • Word die gehoor vasgevang met die poësie of prosa wat voorgedra word? • Is die deelnemer ontspanne en gemaklik op die verhoog?
TEMPO EN VOKALE VERSKEIDENHEID __ / 15	• Word daar van goeie projeksie en artikulasie gebruik gemaak? • Word stem gebruik om die verskillende emosies en karakters reg oor te dra? • Is die uitspraak duidelik? • Sluit die stem 'n variasie van toonhoogte, tempo, volume en toonkonsekwentheid in? • Is woorde duidelik sodat die gehoor maklik kan luister en verstaan?
TEMA (INHOUD) EN ALGEMENE VEREISTES __ / 10	• Is die prosa of poësie ouderdomstoepaslik? • Ken die deelnemer die prosa en poësie vlot? • Is die video's binne die gegewe tydlimiet? • Is die prosa of poësie wat gelewer word relevant?
GEHEELINDRUK __ / 5	• Die beoordelaar se eie oordeel m.b.t. die prosa, poësie of voorbereide lees se geheel word hier aan die dag gelê.
TOTAAL	..... uit 50